

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

---

Paper 0548/01  
Reading and Writing

## Kernboodskappe

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- inligting in die teks identifiseer, en
- die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat van hulle verwag word, en
- inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3** en **4** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- die opdragte verstaan
- relevante inligting in die teks identifiseer
- bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (**Oefening 3**)
- inligting oor 'n aspek van die teks opsom (**Oefening 4**), en
- die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (**Oefening 4**).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5** en **7** moes kandidate:

- die opdrag verstaan
- sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer
- hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk
- puntuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik
- die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (**Oefening 5**)
- hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (**Oefening 7**), en
- die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes kandidate:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- die toepaslike inligting in die teks identifiseer
- (slegs) die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf
- antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en
- die vrae duidelik, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1

#### Vraag 1

Baie kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Hulle kon slegs die woord 'leeubene' of 'bene' geskryf het. Kandidate wat 'Die handel in leeubene' of 'Die handel in leeubene in Asië het leeuetalle in Oos-Afrika verminder' geantwoord het, het die punt verbeur, want hulle het dan nie die vraag beantwoord nie.

#### Vraag 2

Talle kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Dié wat slegs 'vermeerder' en 'verminder' in plaas van 'vermeerder leeuetalle' en 'verminder leeuetalle' geskryf het, het een punt verbeur omdat hulle duidelik sinne moes voltooi. Sommige kandidate het sinne direk uit die paragraaf oor leeus neergeskryf.

#### Vraag 3

Die meeste kandidate het goed in hierdie vraag gevaar, maar sommige het nie besef hulle antwoorde kon kort wees nie en het onnodiglik die volle sin of twee uit die paragraaf oor renosters oorgeskryf.

#### Vraag 4

Kandidate het goed gevaar in hierdie vraag. Hulle moes spesifiek wees en na die tilapia verwys.

#### Vraag 5

Hier kon kandidate slegs 'besoedeling' en 'mense' geskryf het, want hulle is gevra om twee gevare te noem. Hulle moes na albei paragrawe oor otters verwys om korrek te antwoord.

Algemene kommentaar:

- Kandidate moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Kandidate moet herinner word dat hulle kort antwoorde mag skryf, maar nie telegramstyl moet gebruik nie. Hulle moet genoeg inligting verskaf om te wys dat hulle die vrae verstaan.
- Hulle moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Die antwoord moet logies op die vraag volg: Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Dit is onnodig en mors tyd.

### Oefening 2

#### Vraag 7

- Die meeste kandidate het die vorm besonder goed ingevul.
- Alhoewel byna al die kandidate 'Julie' reg gespel het, was daar wel 'n klein groepie wat dit verkeerd gespel het.
- Baie min kandidate het die adres verkeerd neergeskryf. Slegs 'n paar het 'Blomstraat' as twee woorde of as 'Bloomstraat' geskryf of die straatnommer voor die straatnaam geskryf. 'n Baie klein groepie het die skool se adres in plaas van die huisadres geskryf.
- Kandidate moet herinner word om die hoofletter aan die begin van maand- en straatname duidelik aan te dui. As dit soos 'n kleinletter lyk, verbeur hulle die punt.
- Kandidate moet herinner word dat hulle in die adres slegs die ontbrekende inligting moet neerskryf – die pleknaam staan reeds daar en moet dus nie herhaal word nie.
- Kandidate moet herinner word om adresse en datums reg neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word 'n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets kandidate se vermoë om akkuraat te lees en inligting akkuraat oor te dra.
- Die meeste kandidate het die punt vir 'Maats' of 'My beste maats' gekry. 'Sy beste maats' het nie 'n punt gekry nie – hulle moet onthou hulle vul die vorm namens Mark in.

- Talle kandidate het die punt vir 'Vliegtuig' gekry, maar sommige het nie besef hulle moet iets daar aandui nie.
- Baie kandidate het 'Braai' korrek ingevul, maar nie die punt gekry nie omdat hulle ook 'Restaurantkos' verkeerdlik aangedui het.
- Talle kandidate het die punt vir 'Kampeer' of 'Kampeervakansie' gekry. Geen punt is vir 'Kampeerterrien' toegeken nie. Hier het sommige kandidate hulle eie voorkeure neergeskryf en vergeet dat hulle namens Mark moet antwoord.
- Verskeie kandidate het nie die punt vir 'Neem foto's van (San-) rotstekeninge' gekry nie omdat hulle antwoord onvolledig was. Hier het sommige kandidate weer hulle eie voorkeure neergeskryf en vergeet dat hulle namens Mark moet antwoord.
- Alhoewel baie kandidate die punt vir 'in die berge' gekry het, het heelwat verkeerdlik 'in 'n wildtuin' gekies. Verskeie het ook hulle eie voorkeure in plaas van Mark s'n gekies.

### Oefening 3

Die kandidate wat goed in hierdie oefening gevaar het, het doeltreffend verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is:

- In **vraag 7** moes hulle slegs 'visum' en 'reisversekering' noem. Die meeste het dit reg gehad.
- In **vraag 8** moes hulle noem hoe organisasies mense help. Heelwat het **vraag 9** se antwoorde verkeerdlik hier neergeskryf.
- In **vraag 9** moes kandidate noem wat mense sal help om plaaswerk in Amerika te kry – hulle is nie vir vereistes gevra nie. Talle het goed gevaar.

Algemene riglyne:

- Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoof te skryf nie. Hulle antwoorde moet sinvol onder die gegewe hofies pas.
- Kandidate moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: In **vraag 8** en **9** was dit byvoorbeeld nie voldoende om 'n enkele woord per reël te skryf nie. 'n Antwoord soos 'Ervaring' in plaas van 'Ervaring van plaaswerk' was byvoorbeeld onvoldoende. In **vraag 7** was enkele woorde wel nodig.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif.

### Oefening 4

#### Vraag 10

Oor die algemeen vind kandidate die opsomming steeds moeilik en het hoofsaaklik twee foute begaan:

- Verskeie kandidate het die hele teks opgesom eerder as om oor 'n spesifieke aspek ('vereistes') te skryf. (Heelwat het duidelik nie die woord *vereistes* verstaan nie.)
- Sommige kandidate het net 'n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf. Kandidate wie se hele opsomming 'n woordelike herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, verdien hoogstens een punt. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienkema.)

Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.

### Oefening 5

#### Vraag 11

- Die meeste kandidate het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die drie onderafdelings goed gedek, naamlik:
  - vir wie die uitstappie was en wie dit georganiseer het
  - wanneer en waarheen die uitstappie was
  - waarom hulle die uitstappie so geniet het.

- Kandidate moes daarop let dat dit 'n skooluitstappie was wat onlangs plaasgevind het – nie 'n vakansie saam met hulle gesin/maats nie. Dit was ook nie 'n geleentheid wat by die skool plaasgevind het nie.
- Die kandidate wat die beste gevaar het, het die brief met 'n gepaste aanhef begin, die drie onderafdelings in drie paragrawe gedek en daarna met 'n gepaste slot geëindig.
- Die manier waarop 'n brief begin en eindig – die aanhef en slot – verdien aandag.
- Kandidate moet herinner word dat hulle nie hulle adres bo-aan die brief hoef te skryf nie. Heelwat kandidate skryf dit wel, maar dit word geïgnoreer.
- Goeie briewe is gekenmerk deur 'n entoesiastiese inslag en 'n redelik informele geselstoon.
- Kandidate wat sinvol uitgewei het oor waarom hulle soveel van die uitstappie gehou het, het 'n hoër inhoudspunt behaal.
- Kandidate word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Dit kan veral nuttig wees vir kandidate wat onseker is of hulle die onderwerp goed verstaan.
- Aandag moet gegee word aan die skryf van sinne en paragrawe en die gebruik van hoofletters en punktuasie.

#### Algemene riglyne:

- Kandidate moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie 'n bevredigende beeld van hul skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie. Skryfstukke wat weer te lank is, word gelees (en bepunt) tot kort na die 200 woorde-perk.
- Sommige kandidate skryf te lang briewe – ver meer as 250 woorde – en sukkel dan om hulle tweede skryfstuk klaar te maak.
- Kandidate moet herinner word dat 'n brief 'n gepaste aanhef en 'n slot moet hê.
- Kandidate moet herinner word om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.
- Kandidate moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van 'n goeie openingsparagraaf kan nie oorskakel word nie.
- Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor 'want' en 'maar' en tussen gesegdes) en hoofletters (veral aan die begin van 'n sin) gee.
- Kandidate moenie Engelse woorde en uitdrukkings gebruik nie.

#### Algemene aspekte wat aandag verdien:

die aanhef: Beste/Liewe Nicky (nie 'Liewe Maat/Maatjie/Vriend' nie)

die slot: Jou vriend/vriendin/maat

Nicky

die skryf van sinne en die gebruik van volsinne

die gebruik van hoofletters

die gebruik van leestekens, veral punte en kommas

die skryf van paragrawe

die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde

die woordorde na voegwoorde soos 'dat' en 'omdat'

die verskil tussen 'sal' en 'wil'

die gebruik van 'toe', 'dan' en 'wanneer'

die gebruik van 'lewe', 'liewe', 'lief', 'lyf'

die gebruik van 'so' in plaas van 'dus'

die verskil tussen 'simpel' en 'eenvoudig'.

#### Vaste uitdrukkings met voorsetsels wat kandidate behoort te ken:

neem foto's van

is trots op

kyk na diere

bly by die huis

gaan na 'n plek

gesels met 'n maat

gaan uit vir ete

gee om vir

hou van iets/iemand

is opgewonde oor

kuier by iemand  
kwaad vir iemand  
is lief vir iets/iemand  
luister na musiek  
na my mening  
sien uit na  
stel belang in iets  
verlang na iemand

Afrikaanse plekname wat kandidate behoort te ken:

Suid-Afrikaanse name soos Suid-Afrika, Kaapstad, Johannesburg  
Name van plekke/besienswaardighede soos Tafelberg, Wieg van die Mensdom, Krugerwildtuin,  
Robbeneiland, Botaniese Tuin, dieretuin  
Strandname soos Kampsbaai, Jeffreysbaai, Mosselbaai  
Internasionale plekname soos Londen, Engeland, Parys, Frankryk, Amerika, Kanada

## Oefening 6

### Vraag 12

Kandidate moes noem dat Simon 'n afstammeling of familie van Hendrik Witbooi is – nie net dat hulle dieselfde van het nie.

### Vraag 13

Die meeste kandidate het hierdie punt gekry.

### Vraag 14

Hier moes kandidate twee goed noem. Die beste antwoord was een waarin hulle genoem het dat Simon hip-hop-musiek as eerlik en reguit beskou en sy gevoelens en gedagtes daarin kan uitdruk.

### Vraag 15

Die beste antwoord was: Hulle maak dikwels nuwe idiome. Kandidate wat slegs 'idiome' of 'nuwe idiome' geskryf het, het nie 'n punt gekry nie.

### Vraag 16

Sommige kandidate het hier gesukkel omdat hulle twee hele sinne direk en sonder begrip uit die teks wou neerskryf. Hulle moes kortliks noem dat Simon se ouma rympies gemaak en stories vertel het en dat dit hom lief vir rym gemaak het.

### Vraag 17

Die beste antwoord was: Hulle wil Afrikaans meer (in hul musiek) gebruik.

### Vraag 18

Die meeste kandidate het hierdie vraag reg beantwoord – mense kan talent en passie hoor.

### Vraag 19

Hierdie vraag het insig vereis – kandidate moes noem dat baie/duisende mense saam met Simon gesing/geskree het. Hulle het geen punt gekry as hulle slegs gesê het dat mense saam met hom gesing het nie.

Algemene kommentaar:

- In hierdie oefening moet kandidate nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos Oefening 1 en Oefening 3 waar volsinne nie altyd nodig is nie. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsin-antwoorde waarin kandidate idees volledig moet uitdruk.
- Kandidate moet die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks gebruik.
- 'n Vraag wat een punt tel, vereis gewoonlik een feit en twee punte vereis twee feite.
- Kandidate wat vrae in hul eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig. Sommige kandidate ignoreer hierdie belangrike skryfkonvensies.

**Oefening 7**

**Vraag 20**

- Dit was duidelik dat omtrent al die kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. Talle het daarin geslaag om hulle mening oor die dra van skooluniforms goed uit te druk. (Interessant, die meeste het die dra van skooluniforms ondersteun.)
- Kandidate moet herinner word dat hulle hul eie mening moet gee. Sommige kandidate lewer net kommentaar op die ses uitsprake wat gegee word eerder as om hul eie mening te stel en te bespreek.
- Sommige kandidate het verkeerdlik slegs een van die ses gegewe uitsprake as onderwerp gekies en net daarvoor geskryf, wat hulle punte benadeel het.
- Sommige kandidate nie lank genoeg geskryf nie, wat 'n negatiewe uitwerking op hulle punte het. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk 200 tot 250 woorde lank moet wees en nie 150 tot 200 woorde soos die een in **Oefening 5** nie.

Sommige kandidate het 'klere' en 'kleure' en ook 'eie' en 'eier' verwar, byvoorbeeld: 'Ek wil my eier kleure dra.' Min kandidate gebruik die voorsetsel in 'Ek is trots op my skool' reg.

Kandidate moet aangemoedig word om aandag aan die bou van hul skryfstuk te gee:

- Begin met 'n doeltreffende inleidende paragraaf waarin hulle reeds hul standpunt oor die onderwerp stel.
- Die liggaam van die skryfstuk bestaan uit paragrawe wat logies op mekaar volg, met skakelwoorde verbind is en progressief ontwikkel.
- Die slotparagraaf sluit die berig netjies af.
- Die taalgebruik en register moet by die teikenleser en die opdrag pas.
- Daar word nie van kandidate verwag om in kolomme te skryf nie en hulle moet dit verkieslik nie doen nie omdat hulle werk dan dikwels moeilik leesbaar is.

Sien ook die lyste by **Oefening 5**.

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/02  
Listening

## Algemene kommentaar

Om goeie punte te behaal, moet kandidate die sprekers se woorde verstaan sodat hul antwoorde die korrekte inligting verskaf. Hulle moet ook kan onderskei tussen feite, idees en menings. Die vroeë word gestel volgens die volgorde van die teks. Kandidate wat goed gevaar het se antwoorde toon dat hulle die gesproke taal doeltreffend verstaan, gepas daarop kon reageer, en die korrekte gevolgtrekkings kon maak.

Daar is punte toegeken wanneer spelling in antwoorde verkeerd was, maar die woord wel herkenbaar is, bv. 'haje' in plaas van *haaie* en 'tuisen' in plaas van *tussen*.

'n Aantal kandidate vind die gebruik van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde *hy*, *sy* en *haar* verwarrend. Dit is verstaanbaar moeilik, maar dit moet ingeskerp word dat *hy* 'n man is, maar dat dit sy selfoon is. Die volgende het ook dikwels voorgekom: 'Hy seun Pieter', in plaas van *haar* seun. Baie kandidate ken nie die verskil tussen *sal* en *wil*, *bestaan* en *verstaan* en *beteken* en *bedoel* nie.

Kandidate moenie antwoorde bo-oor antwoorde wat aanvanklik neergeskryf is, skryf nie, want op die geskandeerde vraestel is dit dan onduidelik om te sien wat daar staan. Hulle moet altyd probeer om so netjies moontlik te skryf.

## Kommentaar op spesifieke vroeë

### **Oefening 1: Vroeë 1–6**

Hier is geluister na 'n praatjie oor 'n ongeluk op see. Hoewel daar slegs twee moontlike antwoorde (Waar of Onwaar) is waaruit gekies moet word, moes kandidate tog baie fyn en noukeurig luister om korrek te antwoord. Kandidate wat gesproke Afrikaans goed verstaan, het goed gevaar. Hierdie eerste oefening gee ook minder bevoegde kandidate geleentheid om punte te verdien, want hulle hoef nie self woorde neer te skryf nie.

**Vraag 3** oor die temperatuur van die seewater is dikwels verkeerd beantwoord as 'Onwaar'. Die woord 'ongewoon' in die luisterteks was hier betekenisvol om die korrekte antwoord te kan gee. Ook by vraag 6 is 'Onwaar' baiekeer gemerk omdat die betrokke kandidate moontlik nie die betekenis van die woord 'keer' in die vraag verstaan het nie.

### **Oefening 2: Vroeë 7–11**

Hoewel hier ook nie antwoorde neergeskryf hoef te word nie, en geraai kan word uit die vier moontlikhede, moes weer baie goed na die dialoog oor die voëlpark geluister en genoeg verstaan word om te onderskei watter een van die vier die enigste korrekte feit is. Uitstekende kandidate het vir hierdie oefening volpunte behaal. Baie kandidate het gefouteer met **vraag 9** en **vraag 10**.

### **Oefening 3: Vroeë 12–18**

Omdat kandidate hier die antwoorde op vroeë moet neerskryf (gewoonlik slegs 'n woord of frase) speel skryfvermoë 'n belangrike rol.

**Vraag 12** is gewoonlik korrek beantwoord, maar geen punt is gegee wanneer hulle gesê het Anna het haar 'gesin' kom besoek nie, want jou gesin is die mense (gewoonlik familieledede, of die ouers en kinders) wat saam in een huis woon. Sy het wel vir haar seun en sy gesin gaan kuier. Kandidate het partykeer probleme gehad met **vraag 15** omdat hulle nie die woorde 'watter deel van Nieu-Seeland' verstaan het nie.

Vir **vraag 18** is nie punte toegeken as die antwoord gelui het 'tussen haaie gaan kyk' in plaas van 'duik' nie, maar as die naam van die berg (Kilimandjaro) verkeerd gespelt is, is hulle nie geëvalueer nie.

#### Oefening 4: Vrae 19–24

Langer antwoorde op vrae moet hier gegee word in sinne of frases; dit is die mees veeleisende oefening, naamlik om temas en belangrike inligting in die teks te identifiseer en begrip te toon van die inhoud. Vrae is dus nie veronderstel om in slegs een woord beantwoord te word nie. Sommige inligting moes uit tekste afgelei word.

In **vraag 21** word gevra wat jong mense moet 'doen', daarom moet die antwoord 'n werkwoord bevat. Om te antwoord: 'Loopbane van die toekoms', is dus nie korrek nie, maar wel: Hulle moet navorsing doen (of uitvind oor) loopbane van die toekoms.

**Vraag 22** is nie korrek geneem as die antwoord was: 'Hulle gaan nie werk kry nie'. Wat wel korrek is: Hulle ouers dink hulle gaan nie werk kry as hulle nie op universiteit was nie.

Vir **vraag 23** kon een van die antwoorde wees dat studente nie die motivering gehad het om verder klas toe te gaan nie, of dat hulle moedeloos geraak het. Daar is nie 'n punt vir elkeen van laasgenoemde redes toegeken nie.

Die beste kandidate kon **vraag 24** korrek beantwoord. 'n Rede moes gegee word, naamlik: Sommige kolleges bestaan nie lank na hul stigting nie.



# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

---

Paper 0548/05  
Oral

There were too few candidates for a meaningful report to be produced.